

Geliefde Lourensrivierder

Ek is so bly dat ons as Jesus-volgelinge 'n God het wat, ten midde van allerhande krisis in die wêreld, ons land, ons dorp, ons huis, SY WOORD GEE (op talle plekke in die Bybel) dat Hy ons nooit in die steek sal laat nie♪

DEUT 31:6 "Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie."

DEUT 31:8 "Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie."

JOS 1:9 "Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."

PS 9:11 "Daarom vertrou almal wat u Naam bely, op U, want U, Here, laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie.

HEB 13:5 "Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."

Daar is nog baie ander tekste, so gaan kyk bietjie hoeveel vind jy....

Dit maak dat ons elke dag kan uitsien na alles wat die Here gaan doen, wat mense níe kan doen nie. Dit maak ook dat ons innerlike vreugde het en

darems nog ons humor behou 😊



NUUSKRUMMELS: 08 FEBRUARIE 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

TERUGVOERING VAN 2017 SE GEBEDSKURSUS STUDENTE:

Coral Strydom

What the prayer course taught me:

- 1 It is good to set time aside twice each day to study the Word of God and pray however we can pray to God anytime of the day. Our prayers don't need to be lengthy and filled with great vocabulary, but can be short and heartfelt where we talk to God.
- 2 The Lord's Prayer is not a prayer only between us and God but is aimed at broadening the Kingdom of God on earth. As Christians we are tasked with this duty daily.

Erna Joubert

Aanvanklik was ek ongemaklik oor die lees van Lied 442 met aanvangs van elke byeenkoms. Gou het ek besef dat ek hiermee regtig die Heilige Gees vra om die Woord vir my verstaanbaar te maak sodat ek kan stil word en met vreugde elke belofte van Sy liefde en trou maar ook elke aanmaning deel van my kan maak. Die vreugde van stil wees by ons Vader maar ook om my hart uit te stort al weet Hy reeds alles, het my gebedslewe ingrypend verander.

Lizette Aylward


'n Mens moet altyd oop wees om meer te leer van die Woord. Baie dinge het verander – die vrees om voor mense te bid en te bang vir die regte woorde te sê, maar Vader weet wat in ons harte aangaan. Ek het al 2 keer die kursus gedoen en elke keer het Vader my iets anders gewys. Baie dankie. Seën, Vrede en Genade aan die nuwe klas van 2018.

André & Tersia van Vuuren

Die spesiale manier hoe die kursus oorgedra was, het dit 'n belewenis gemaak om te besef dit is goed om heeldag met die Here te praat, maar jy moet "alleen/stilte tyd" met die Here spandeer, om Hom te loof, dank en prys dan eers sal jy hoor wat Hy vir jou wil sê.

Annalie Botes

Vir my as fasiliteerder het dit oneindig baie beteken om te sien hoe die Here in mense se lewens werk t.o.v. gebed. Geestelike groei en 'n beter verhouding met God as ons Vader was duidelik sigbaar. Dit was 'n voorreg om God se instrument te kon wees.



NUUS UIT DIE GEMEENSAP:

PATCH-Helderberg Child Abuse Centre



Helderberg Child Abuse Centre
Help Us Help Abused Children

Send beautifully decorated biscuits to the ones you love or admire or just because! Place your order for 4 or more biscuits at R25 each and our staff will dress up and deliver on Wednesday 14th February, 2018.

For deliveries outside of the Helderberg, an order of 50 or more biscuits are required

please send email to mandy@preciouspatch.co.za or by telephone to 021 852 6110

Should you wish to order less than 4 biscuits, they can be collected from the PATCH office at the cnr. of Dorhill & Dummer Streets in Somerset West between 8am - 4pm.

All proceeds will be put towards the therapeutic treatment of child victims of sexual abuse in the Helderberg of which we receive 400 new cases each year.

Help us reach our target of 1000 biscuits this year!

ACVV HUIS SOETERUS



BASAAR

10 Maart '18 @ 9H00

8 OLIVIERSTRAAT, STRAND

Kom deel in die pret:

**Kafee, Basaar Poeding, Tuisgebak,
Naaldwerk, Wit Olifant tafel, Pasteie,
Vetkoeke, 2de Handse Klere,
Pannekoek, Kinder tafel en vele meer**

SPRINGKASTEEL VIR DIE KINDERS!!!!

MUSIEK DEUR PIETER COETZEE

Kaartjies kan vooraf by ontvangs gekoop word om
terleurstelling te voorkom!!

Tel: 021 853 7423



HELDERBERG CANTARE is 'n splinternuwe ekumeniese koor in die Helderberg-omgewing wat kulturele diversiteit vier. Die koor is 'n inisiatief deur die plaaslike gemeenskap en bevorder geestelike- en ligte klassieke musiek. Optredes sal in en om Somerset-Wes/Strand/Gordonsbaai by o.a. kerke, konserte en feeste gehou word. Die koor se talentvolle dirigent, Yolanda Botha, is die musiekdirekteur van Klassieke Klanke wat jaarliks konserte by die Helderberg NG Kerk aanbied. Sy is ook 'n musiekdosent aan die Universiteit van Stellenbosch. Die koor oefen op Maandagaande vanaf 19h30 – 21h00 gedurende die skoolkwartaal by die Gereformeerde Kerk Strand in Altenastraat, oorkant die Strand Polisiestrasie. Helderberg Cantare wil graag hul ledetalle uitbrei en nooi persone van alle ouderdomme wat graag wil saamsing uit om die dirigent, Yolanda Botha (helderbergconcerts@gmail.com) of die voorsitter, Theo Mastenbroek (082 899 6742) te kontak. Helderberg Cantare is ook op soek na 'n bekwame, entoesiastiese begeleier met uitvoerende ervaring wat betrokke wil raak as deel van die koor se span.

GELUKWENSINGS:

DOOP: 4 Februarie 2018



Hayley De Jongh
Ouers: Philip & Nadia



Lia Brand
Ouers: Tertius & Danita



SEëNBEDE

Jesaja 58:11 "Die Here sal jou altyd deur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien.
Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie"

KNIEWERK:

- ✦ Ons bid vir die boere wat swaarkry, reën, ons waterkrisis asook vir vrede, eenheid, regverdigheid en eerlike leiers.
- ✦ Paul Louw vir gesondheid (kanker)
- ✦ Sannie le Roux by huis, maar bid asb vir gesondheid (kanker)
- ✦ Christa Olivier se suster steeds in hospitaal
- ✦ Jannie Fourie by huis (dankie Here): Bid asb vir volkome herstel
- ✦ Marieta Bosman (kankerbehandeling)
- ✦ Piet Nortje in hospitaal
- ✦ Monica Lambrechts herstel na hospitalisasie (kanker)

EK IS

EK is vir jou 'n put, bodemloos met geduld
EK is vir jou 'n spruit, bruisend met hoop
EK is vir jou 'n rivier, vloeiend met genade
EK is vir jou 'n oseaan, groot met liefde

EK is vir jou die wind, strelend oor jou siel
EK is vir jou die son, warm in jou hart
EK is vir jou die reën, sag op jou gees
EK is vir jou die maan, hangend oor jou lewe

Wees jy vir My 'n kind van geloof
Wees jy vir My 'n arm van vrede
Wees jy vir My 'n woord van vergifnis
Wees jy vir My 'n hand van gebed

Wees jy vir My 'n aanbieder, EK is vir jou 'n GOD
Wees jy vir My 'n navolger, EK is vir jou Herder
Wees jy vir My 'n leerder, EK is vir jou 'n Meester
Wees jy vir My 'n dienskneg, EK is vir jou Heer

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 11 FEB SE BOODSKAP: MARKUS 9:2-9
(SONDAG VAN VERHEERLIKING EN DIE WEEK DAARNA)


Verheerlikingsondag is die afsluiting van Kersfees-/Epifanietyd en staan tegelyk ook op die drumpel van die Lydenstyd wat hierna begin.

Die verheerliking van Jesus het vir 'n oomblik geduur. Dit was 'n kykie in die toekoms, maar die toekoms het nog nie aangebreek nie. Die drie dissipels moes weer saam met Jesus van die berg afgaan, terug na die vallei. 'n Vallei waar daar siek mense was wat genees moes word, konflikte tussen mense wat uitgestryk moes word, waar daar honger mense was wat gevoed moes word, waar daar, soos Jesus belowe het, kruis gedra moes word en lyding vir hulle gewag het, selfs die dood. Daar was dus geen manier waarop hulle hierdie glinsterende bergtopervaring kon vas vries, om seker te maak dat hierdie ervaring vir ewig sou duur nie. Hierdie tipe bergtopervarings is seldsaam in ons lewe. Ek glo daar bestaan by ons almal 'n begeerte om soos die dissipels iets van die heerlijkheid van God te aanskou. Maar nou kan dit ook wees dat jy al in jou lewe op ander maniere, dalk deur gewone lewenservarings iets van die heerlijkheid van God beleef het..... Oomblikke waar die glans van God se heerlijkheid soos strale deurgebreek het en jou hele lewe verhelder het, waar jy net geweet het hierdie ervaring het my verander, ek kan nooit weer op dieselfde manier na die lewe kyk nie. Dit was ook Moses se ervaring in die Eksodusverhale, toe hy in die teenwoordigheid van die lewende Here verskyn het. Maar ook hy kon nie op die berg bly nie, hy het die verantwoordelikheid gehad om af te gaan na die kamp van die Israeliete om God se wet aan hulle oor te dra, aan 'n ongeduldige en dikwels ongehoorsame volk. Die week wat kom, is die begin van lydenstyd, dié tyd van die kerkjaar waar ons saam met Jesus sy lydensweg volg. Waar ons onself saam met Hom op die nou pad van gehoorsaamheid gaan bevind. 'n Pad wat op Goeie Vrydag in April by 'n kruis tot stilstand gaan kom.

Ons kán hierdie pad stap omdat ons die glans van God se Seun aanskou op hierdie laaste Epifanie-Sondag. Omdat jou en my ervaring van God se heerlijkheid ons so naby aan Hom bring dat sy energie oorfloei in ons lewens. Hierdie energie bemagtig ons om, ten spyte van teenslae, teleurstellings en uitputting, voort te gaan. God, deur die inwoning van sy Gees, gee vir ons die moed, die dissipline van gehoorsaamheid. Hoekom? Want ons ervaring van God laat vir 'n oomblik die gordyn oopskuif op die toekoms, op die gebeure ná die kruis. Op 'n Sondagoggend toe Christus die dood oorwin het en in volle heerlijkheid na sy Vader opgevaar het. Wanneer jy by jou huis of die kerkgebou uitstap, mag die wêreld dalk nie so rooskleurig lyk soos wat ons binne ervaar nie. Dit is dalk 'n doodgewone warm Februariedag daarbuite met geen merkbare verskil tussen netnou en nou nie.

MAAR.... miskien kyk jy anders na die wêreld, omdat jy self verander het. Jy mag dalk vir niemand vertel nie, maar miskien sien iemand tog die glans op jou gesig omdat jy vir 'n oomblik die heerlijkheid van Christus aanskou het, die stem gehoor het wat jou laat aanhou tot jou volgende Gods-ervaring. Die stem wat sê: "Dit is my Seun wat ek uitverkies het, luister na Hom." Die stem wat ons opgewonde maak oor die lewe!

Bron:
<http://preke.bybelmedia.org.za/>



OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier